45 PSALM 45



2 So mooi soos u is niemand nie.
U lippe praat net vriendelik.
U swig nie voor die vyand nie.
God seën u onophoudelik.

3 Kom nou in koninklike prag
en stry vir waarheid en vir reg.
Maak u gereed, laat geld u krag
en kom vir hulpeloses veg.

4 U pyle wat die vyand tref,
laat val hul voor u voete neer.
God het bo almal u verhef.
Hy laat die koning triomfeer.

5 U troon die staan vir altyd vas;
u is bo almal aangestel;
gesalf deur God, onaangetas,
staan almal onder u bevel.

Teks: T T Cloete 2001
Melodie: *Herr Jesu Christ, dich zu uns wend* - Gochsheim 1628; Görlitz 1645

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za

6 U klere is van geur deurtrek,
van aalwyn, mirre en kaneel;
u hart is bly en opgewek;
vir u word daar musiek gespeel.

7 In u paleis is alles mooi:
ivoor en goud en soveel geur.
Prinsesse staan voor u getooi,
met u juwele ryk aan kleur.

8 En langs u aan u regterhand
die koningin met goud versier.
Met oliegeur, met musikant,
met goud, juweel word fees gevier.

9 U, bruid en dogter, luister goed:
Die koning is voortaan u heer.
U gaan as vrou hom tegemoet;
gee aan die koning voortaan eer.

10 Sy staan nou daar in louter prag,
geklee in skone goudbrokaat;
sy gaan na waar die koning wag,
in haar veelkleurige gewaad.

11 Mag u, o koning, seuns verwek
wat u as vorste aan kan wys,
en mag u roem oor tyd heen strek.
Mag volke u vir altyd prys.

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za